Opsommings

By 'n opsomming word van jou verwag om die kerngedagtes van die teks uit te lig en dit dan in 'n beperkte hoeveelheid woorde weer te gee.

♠ Lees die instruksies noukeurig deur en maak seker jy beantwoord die vraag volgens die vereistes.

♠ VOLG DIE INSTRUKSIES!!! Algemene foute:

- Moenie genommerde sinne skryf as jy puntsgewys 'n opsomming moet maak nie.

- Elke punt wat jy maak moet gewoonlik in EEN sin geskryf word. Moenie twee of meer sinne skryf om een punt te maak nie, gebruik eerder voegwoorde (bv. en, maar, want) en skryf een sin by elke punt (en een punt per sin)!

- Moenie telegramstyl skryf as daar van jou verwag word om *volsinne* te skryf nie.

♠ Gebruik jou EIE WOORDE, d.w.s. moenie direk aanhaal nie (as jy slegs een of twee woorde in 'n sin verander, dan kan jy die sin net so skryf en sodoende maak jy nie so baie spelfoute nie!)

♠ Maak slegs 'n opsomming van dit wat gevra word – die leesstuk kan oor meer as een saak handel en dus belangrike feite oor verskillende 'onderwerpe' bevat, maar maak seker dat die kerngedagtes wat jy uithaal die "vraag beantwoord".

♠ Tel jou woorde en kyk waar jy kan woorde weglaat (of byvoeg as jy baie minder as die toegelate aantal woorde gebruik het). Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het onderaan jou opsomming, bv. Aantal woorde: 85